

# SUSTERS SE DEELNAME IN DIE VERSAMELING VAN ISRAEL

**Deur President Russell M. Nelson**

*Ek reik 'n profetiese pleidooi uit aan julle, die vroue van die Kerk, om die toekoms te vorm deur te help om verstrooide Israel te versamel.*



Dit is wonderlik om saam met julle te wees, my dierbare en kosbare susters. Dalk sal 'n onlangse ondervinding julle 'n blik gee oor hoe ek oor julle voel en die hemelse vaardighede waarmee julle begiftig is.

Een dag terwyl ek 'n vergadering in Suid-Amerika toegespreek het, het ek uiters opgewonde geraak oor my onderwerp, en op 'n keerpunt-oomblik het ek gesê: "As die *moeder* van 10 kinders, kan ek vir julle sê dat . . ." En toe het ek voortgegaan om my boodskap te voltooi.

Ek het nie besef dat ek die woord *moeder* gesê het nie. My vertaler wat aangeneem het dat ek my verspreek het, het die woord *moeder* verander na *vader,* dus het die gehoor nooit geweet dat ek na myself verwys het as *moeder* nie. Maar my vrou Wendy het dit gehoor, en sy het my Freudiaanse glips geniet.

Op daardie oomblik het die diepste begeerte van my hart om 'n verskil in die wêreld te maak—soos net 'n moeder kan—uit my hart geborrel. Deur die jare, wanneer ek gevra is hoekom ek *gekies* het om 'n mediese dokter te word, was my antwoord altyd dieselfde: "Omdat ek nie kon *kies* om 'n moeder te wees nie."

Let asseblief op dat elke keer wat ek die woord *moeder* gebruik, praat ek nie net van vroue wat geboorte geskenk het of kinders in hierdie lewe aangeneem het nie. Ek praat van *al* ons Hemelse Ouers se volwasse dogters. *Elke* vrou is ŉ moeder op grond van haar ewige goddelike bestemming.

Dus,vanaand, as die *vader* van 10 kinders—*nege dogters* en een seun—en as President van die Kerk, bid ek dat julle sal besef hoe diep ek oor julle voel—oor wie julle is en al die goed wat julle kan doen. Niemand kan doen wat ŉ regverdige vrou kan doen nie. Niemand kan die invloed van ŉ moeder dupliseer nie.

Mans kan en dra dikwels die liefde van Hemelse Vader en die Saligmaker oor aan andere. Maar vroue het ŉ spesiale gawe daarvoor—ŉ goddelike gawe. Julle het die vermoë om te weet wat iemand nodig het—en *wanneer* hy of sy dit nodig het. Julle kan uitreik, troos, onderrig en iemand versterk in sy of haar oomblik van nood.

Vroue sien dinge anders as mans, en o, hoe het ons julle perspektief nodig! Julle aard lei julle om *eerste* aan andere te dink, om die gevolg wat enige plan van aksie op andere sal hê, te oorweeg.

Soos President Eyring uitgewys het, dit was ons wonderbaarlike Moeder Eva—met haar verreikende visie van ons Hemelse Vader se plan—wat dít wat ons “die Val” noem, aan die gang gesit het. Haar wyse en dapper keuse en Adam se ondersteunende besluit het God se plan van vreugde voorwaarts laat beweeg. Hulle het dit vir elkeen van ons moontlik gemaak om na die aarde te kom, ŉ liggaam te ontvang, en te bewys dat ons sou kies om *nou* vir Jesus Christus op te staan, net soos ons in die vooraardse bestaan gedoen het.

My geliefde susters, julle het spesiale geestelike gawes en neigings. Ek moedig julle vanaand aan, met ál die hoop in my hart, om te bid om *julle geestelike gawes* te verstaan—om hulle te ontwikkel, te gebruik, en uit te brei, selfs meer as wat julle ooit gehad het. Julle sal die wêreld verander as julle dit doen.

As vroue inspireer julle ander en stel ŉ standaard waardig om na te streef. Laat ek julle ŉ bietjie agtergrond gee van twee van die groot aankondigings wat by ons vorige algemene konferensie gemaak is. Julle, my liewe susters, was die sleutel tot elkeen.

Eerstens, bediening. Die belangrike standaard van bediening is dié van ons Saligmaker, Jesus Christus. Oor die algemeen is vroue, en was altyd gewees, nader aan daardie standaard as mans. Wanneer julle waarlik dien, volg julle jul gevoelens om iemand anders te help om meer van die Saligmaker se liefde te ervaar. Die neiging om te dien is inherent aan regverdige vroue. Ek ken vroue wat elke dag bid: “Wie wil U hê moet ek vandag help?”

Voor die April 2018 aankondiging oor die hoër en heiliger manier om vir ander te sorg, was die geneigdheid van sommige mans  om hulle huisbesoekopdrag af te merk as “gedoen” en aan te beweeg na die volgende taak.

Maar wanneer *julle* gevoel het dat ŉ suster vir wie julle besoek, hulp nodig het, het julle onmiddellik en dan dwarsdeur die maand gereageer. Dus, dit was *hoe* julle tuisbesoek gedoen het wat ons opwaartse beweging na bediening geïnspireer het.

Tweedens, tydens die vorige algemene konferensie het ons ook die Melgisédekse Priesterskapkworums herstruktureer. Toe ons geworstel het met hoe om die mans van die Kerk te help om meer effektief in hulle verantwoordelikhede te wees, het ons die voorbeeld van die Verligtingsvereniging noukeurig oorweeg.

In die Verligtingsvereniging vergader vroue van verskillende ouderdomme en stadiums van die lewe saam. Elke dekade van die lewe bring unieke uitdagings, en tog was *julle* daar, week na week,  julle het saam vergader, gegroei en mekaar die evangelie geleer, en ŉ ware verskil in die wêreld gemaak.

Nou, ooreenkomstig julle voorbeeld, is Melgisédekse Priesterskapdraers lede van die ouderlingskworum. Hierdie mans se ouderdomme strek van 18 tot 98 (miskien meer), met net so ŉ wye verskeidenheid priesterskap- en Kerk-ondervinding. Hierdie broers kan nou sterker broederskapsbande vorm, saam leer, en andere meer effektief seën.

Julle onthou dat Suster Nelson en ek verlede Junie met die jeug van die Kerk gepraat het. Ons het hulle genooi om by die Here se jeugbattaljon aan te sluit om te help om Israel aan beide kante van die voorhangsel te versamel. Hierdie versameling is “*die grootste* uitdaging, *die grootste* saak, en *die grootste* werk vandag op aarde”![1]

Dit is ŉ aangeleentheid wat dringend vroue benodig, want vroue vorm die toekoms. Dus rig ek vanaand ŉ profetiese pleidooi aan julle, die vroue van die Kerk, om die toekoms te vorm deur te help om verstrooide Israel te versamel.

Waar kan julle begin?

Mag ek *vier uitnodigings* aan julle rig:

Eerstens, ek nooi julle om deel te neem aan ŉ 10-dag vas van sosiale media en van enige ander media wat negatiewe en onreine gedagtes in julle gedagtes bring.

Bid om te weet watter invloede om te verwyder gedurende julle vas. Die effek van julle 10-dag vas mag julle verbaas. Wat merk julle op na julle 'n blaaskans geneem het van die wêreldse perspektiewe wat julle gees verwond het? Is daar 'n verandering in waar julle *nou* julle tyd en energie wil spandeer? Het enige van julle prioriteite verskuif—selfs net 'n bietjie? Ek maan julle om dit neer te skryf en deur te volg op elke indruk.

Tweedens, ek nooi julle om die Boek van Mormon tussen nou en die einde van die jaar te lees. So onmoontlik as wat dit mag lyk met alles wat julle in julle lewens probeer hanteer, as julle hierdie uitnodiging aanvaar met volle doel van hart, sal die Here julle help om 'n manier te vind om dit te vermag. En, terwyl julle biddend studeer, belowe ek dat die hemele vir julle sal open. Die Here sal julle seën met toenemende inspirasie en openbaring.

Terwyl julle lees, moedig ek julle aan om elke vers wat van ons Saligmaker praat of na Hom verwys, te merk. Dan, praat doelbewus oor Christus, verbly julle in Christus, en predik van Christus met julle families en vriende.[2] Julle en hulle sal nader aan die Saligmaker kom deur hierdie proses. En veranderinge, selfs wonderwerke, sal begin gebeur.

Vanoggend is die aankondiging gemaak aangaande die nuwe Sondag-skedule en tuis-gesentreerde, Kerk-ondersteunde kurrikulum. Julle, my geliefde susters, is 'n sleutel tot die sukses van hierdie nuwe, gebalanseerde en gekoördineerde evangelie-onderrigpoging. Leer asseblief diegene vir wie julle lief is wat julle uit die skrifture leer. Leer hulle hoe om hulle tot die Saligmaker te wend vir sy helende en suiwerende krag wanneer hulle sondig. En leer hulle hoe om elke dag van hulle lewens op sy versterkende krag te steun.

Derdens, vestig 'n patroon van gereelde tempelbywoning. Dit mag 'n bietjie meer opoffering in julle lewens vereis. Meer gereelde tyd in die tempel sal die Here help om julle te leer hoe om krag te put uit sy priesterskap-krag waarmee julle in sy tempel begiftig is. Vir dié van julle wat nie naby 'n tempel bly nie, nooi ek julle uit om biddend te leer oor tempels in die skrifture en uit die woorde van lewende profete. Streef om meer te *weet*, om meer te *verstaan*, om meer te *voel* oor tempels as wat julle ooit voorheen gedoen het.

In ons wêreldwye jeug geestelike byeenkoms verlede Junie het ek gepraat van 'n jong man wie se lewe verander het toe sy ouers sy slimfoon verruil het vir 'n flipfoon. Hierdie jong man se ma is 'n vreeslose vrou van geloof. Sy het gesien haar seun dryf na keuses wat hom kon verhoed om op sending te gaan. Sy het in die tempel gaan pleit om te weet wat die beste oplossing sou wees om haar seun te help. Sy het toe deurgevolg op elke indruk.

Sy het gesê: "Ek het gevoel hoe die Gees my gelei het om my seun se foon op spesifieke tye te deursoek om spesifieke dinge te vind. Ek weet nie hoe om hierdie slimfone te navigeer nie, maar die Gees het my deur al die sosiale media gelei wat ek nie eens gebruik nie! Ek weet dat die Gees ouers help wat op soek is na leiding om hulle kinders te beskerm. [Aan die begin] was my seun woedend. . . . Maar na net drie dae het hy my bedank! Hy kon die verskil voel."

Haar seun se gedrag en houdings het dramaties verander. Hy het meer behulpsaam geword tuis, meer geglimlag en was meer aandagtig by die kerk. Hy het baie daarvan gehou om in 'n tempel se doop-area te dien en om vir sy sending voor te berei.

My vierde uitnodiging, vir julle wat oud genoeg is, is om ten volle mee te doen aan die Verligtingsvereniging. Ek moedig julle aan om die huidige Verligtingsvereniging se doelverklaring te bestudeer. Dit is inspirerend. Dit mag julle lei om julle eie doelverklaring vir julle eie lewens te ontwikkel. Ek pleit ook by julle om die waarhede in die Verligtingsvereniging se verklaring wat bykans 20 jaar gelede gepubliseer is, te geniet.[3] 'n Geraamde kopie van hierdie verklaring hang aan die muur in die Eerste Presidensie se kantoor. Ek is opgewonde *elke* keer wat ek dit lees. Dit beskryf wie julle is en wie die Here julle nodig het om te wees op hierdie *presiese* tyd terwyl julle *jul* deel doen om verstrooide Israel te versamel.

My liewe susters, ons het *julle* nodig! Ons "benodig *julle* krag, *julle* bekering, *julle* oortuiging, *julle* vermoë om te lei, *julle* wysheid en *julle* stemme."[4] Ons kan eenvoudig nie Israel versamel sonder julle nie.

Ek het julle lief en seën julle nou met die vermoë om die wêreld agter te laat terwyl julle behulpsaam is in hierdie noodsaaklike en dringende werk. Saam kan ons alles doen wat ons Hemelse Vader ons nodig het om te doen om die wêreld voor te berei vir die Tweede Koms van sy Geliefde Seun.

Jesus is die Christus. Dit is sy Kerk. Ek getuig hiervan in die Naam van Jesus Christus, amen.

**NOTAS**

1. Russell M. Nelson, "Hope of Israel" (worldwide youth devotional, 3 Junie 2018), HopeofIsrael.lds.org.
2. Sien 2 Nefi 25:26.
3. Vir die Verligtingsvereniging se "declaration", sien Mary Ellen Smoot, "Rejoice, Daughters of Zion," *Liahona,* Jan. 2000, 111–14.
4. Russell M. Nelson, "A Plea to My Sisters," *Liahona,* Nov. 2015, 96; beklemtoning bygevoeg.

# DIE KORREKTE NAAM VAN DIE KERK

**Deur President Russell M. Nelson**

*Jesus Christus het ons beveel om die Kerk in sy Naam te noem want dit is sy Kerk, gevul met sy krag.*



My geliefde broers en susters, op hierdie pragtige Sabbatdag verbly ons ons saam oor ons baie seëninge van die Here. Ons is baie dankbaar vir julle getuienisse oor die herstelde evangelie van Jesus Christus, vir die opofferings wat julle gemaak het om op sy verbondspad te bly of daarna terug te keer, en vir julle toegewyde diens in sy Kerk.

Ek voel vandag verplig om 'n baie belangrike saak met julle te bespreek. 'n Paar weke gelede het ek 'n verklaring uitgereik aangaande 'n koersregstelling vir die naam van die Kerk.[1] Ek het dit gedoen omdat die Here die belangrikheid van die naam waarop Hy besluit het vir sy Kerk op my gedagtes 'n indruk gemaak het, naamlik Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae.[2]

Soos julle sou verwag, was daar gemengde reaksies op hierdie verklaring en die hersiene stylgids.[3] Baie lede het onmiddellik die naam van die Kerk op hulle blogs en sosiale media bladsye verander. Ander het gewonder hoekom, met alles wat in die wêreld aangaan, was dit nodig om iets so "onbenullig" te beklemtoon. En sommiges het gesê dit kan nie gedoen word nie, hoekom moet ons dan probeer? Laat ek verduidelik hoekom ons so diep omgee oor hierdie saak. Maar laat ek eers sê wat hierdie poging *nie* is nie:

- Dit is *nie* 'n naamsverandering nie.
- Dit is *nie* "rebranding" nie.
- Dit is *nie* kosmeties nie.
- Dit is *nie* 'n gier nie.
- En dit is *nie* onbenullig nie.

Inteendeel, dit *is* 'n korreksie. Dit *is* die bevel van die Here. Joseph Smith het nie die naam van die Kerk gegee wat deur hom herstel is nie; en ook nie Mormon nie. Dit was die Saligmaker wat gesê het: "Want so sal my kerk genoem word in die laaste dae, naamlik Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae."[4]

Selfs vroeër in 34 n.C. het ons herrese Here 'n soortgelyke opdrag aan lede van sy Kerk gegee toe Hy hulle in die Amerikas besoek het. Toe het Hy gesê:

"Julle sal die kerk na my Naam noem. . . .

"En hoe kan dit my kerk wees tensy dit na my Naam vernoem is? Want as 'n kerk vernoem word na Moses se naam, dan is dit Moses se kerk; of as dit vernoem word na die naam van 'n man, dan is dit die kerk van 'n man; maar as dit vernoem word na my Naam, dan is dit my kerk."[5]

Dus, die naam van die Kerk is nie onderhandelbaar nie. Wanneer die Saligmaker duidelik verklaar wat die naam van sy Kerk moet wees en selfs sy verklaring voorafgaan met: "So sal my kerk genoem word," is Hy ernstig. En as ons toelaat dat byname gebruik of aanvaar word of selfs daardie byname self onderskryf, voel Hy beledig.

Wat is in 'n naam, of in hierdie geval, 'n bynaam? Wanneer dit kom by byname van die Kerk, soos "LDH Kerk," die "Mormoonse Kerk," of die "Kerk van die Heiliges van die Laaste Dae," is die belangrikste ding *in* daardie name die *afwesigheid* van die Saligmaker se Naam. Om die Here se Naam van die Here se Kerk te verwyder is 'n groot oorwinning vir Satan. Wanneer ons die Saligmaker se Naam *weglaat*, is ons subtiel besig om alles wat Jesus Christus vir ons gedoen het—naamlik sy Versoening, te *minag*.

Beskou dit van sy perspektief: In die vooraardse bestaan was Hy Jehova, die God van die Ou Testament. Onder die leiding van sy Vader, was Hy die Skepper van hierdie en ander wêrelde.[6] Hy het gekies om Homself te onderwerp aan die wil van sy Vader en iets te doen vir al God se kinders wat niemand anders kon doen nie! Neerbuigend om na die aarde te kom as die Eniggeborene van die Vader in die vlees, het hulle wreedaardig teen

Hom uitgevaar, bespot, bespoeg en gegésel. In die Tuin van Getsemané het ons Saligmaker *elke* pyn, *elke* sonde, en *al* die angs en lyding wat *ooit* deur julle en my en elkeen wat ooit geleef het en nog sal lewe, ervaar. Onder die gewig van daardie afgryslike las, het Hy van elke porie gebloei.[7] Al hierdie lyding is nog meer intens gemaak toe Hy wreedaardig op Golgóta se kruis gekruisig is.

Deur hierdie afgryslike ervarings en sy daaropvolgende Opstanding—sy oneindige Versoening—het Hy onsterflikheid geskenk aan almal en elkeen van ons losgekoop van die uitwerking van sonde op voorwaarde van ons bekering.

Na die Saligmaker se Opstanding en die dood van sy Apostels, is die wêreld in eeue van duisternis gedompel. Toe, in die jaar 1820, het God die Vader en sy Seun, Jesus Christus, verskyn aan die Profeet Joseph Smith om die Herstelling van die Here se Kerk in te lui.

Na alles wat Hy verduur het—en na alles wat Hy gedoen het vir die mensdom—besef ek met diepe spyt dat ons onwetend aanvaar het dat die Here se herstelde Kerk by ander name genoem word, elkeen waarvan die heilige naam van Jesus Christus uitgewis is!

Elke Sondag wanneer ons waardiglik van die nagmaal gebruik, maak ons weer eens ons heilige belofte aan ons Hemelse Vader dat ons gewillig is om die Naam van sy Seun, Jesus Christus, op ons te neem.[8] Ons belowe om Hom te volg, te bekeer, sy gebooie te onderhou, en Hom *altyd* te onthou.

Wanneer ons sy Naam weglaat van sy Kerk, verwyder ons *Hom* onnadenkend as die sentrale fokus van ons lewens.

Om die Saligmaker se Naam op ons te neem, sluit in om aan andere te verklaar en te getuig—deur ons aksies en ons woorde—dat Jesus die Christus is. Was ons so bang om *aanstoot te gee* aan iemand wat ons "Mormone" genoem het, dat ons gefaal het om die Saligmaker te *verdedig*, om op te staan vir Hom naamlik in die naam waarvolgens sy Kerk genoem word?

As ons as 'n groep en as individue toegang mag verkry tot die mag van die Versoening van Jesus Christus—om ons te reinig en te genees, om ons te versterk en te vergroot, en uiteindelik om ons te verhef—moet ons Hom duidelik erken as die oorsprong van daardie mag. Ons kan begin deur sy Kerk by die naam te noem wat Hy beveel het.

Vir baie van die wêreld is die Here se Kerk huidiglik weggesteek as die "Mormoonse Kerk." Maar ons as lede van die Here se Kerk weet wie aan die hoof daarvan staan: Jesus Christus self. Ongelukkig dink baie wat die term *Mormoon* hoor, dat ons Mormon aanbid. Nie so nie! Ons eer en respekteer daardie groot antieke Amerikaanse profeet.[9] Maar ons is *nie* Mormon se dissipels nie. Ons is die Here se dissipels.

In die vroeë dae van die herstelde Kerk, is terme soos *Mormoonse Kerk* en *Mormone*[10], dikwels gebruik as skeldname—wrede terme, beledigende terme—bedoel om God se hand in die herstelling van die kerk van Jesus Christus in hierdie laaste dae uit te wis.[11]

Broers en susters, daar is baie wêreldse argumente teen die herstelling van die korrekte naam van die Kerk. Vanweë die digitale wêreld waarin ons leef en deur die optimalisering van soekenjins wat almal van ons help om inligting wat ons nodig het feitlik oombliklik te vind—insluitende inligting oor die Here se Kerk—sê kritici dat 'n regstelling op hierdie tydstip onwys is. Andere voel dat aangesien ons so wyd bekend staan as "Mormone" en as die "Mormoonse Kerk", ons die beste daarvan moet maak.

As hierdie 'n bespreking was oor die "branding" van 'n mensgemaakte organisasie, sou daardie argumente dalk oortuig. Maar in hierdie kritieke saak kyk ons na Hom wie se Kerk hierdie is en erken dat die Here se wyse nie, en nooit die mens se wyse, sal wees nie. As ons geduldig sal wees en as ons ons deel goed sal doen, sal die Here ons deur hierdie belangrike taak lei. Ons weet immers dat die Here diegene help wat soek om sy wil te doen, net soos Hy Nefi gehelp het om die taak om die skip te bou om die see oor te steek uit te voer.[12]

Ons wil beleef en geduldig wees in ons pogings om hierdie foute reg te stel. Verantwoordelike media sal simpatiek wees in hulle reaksie op ons versoek.

In 'n vorige algemene konferensie het Ouderling Benjamín De Hoyos van so 'n geval gepraat. Hy het gesê:

"Etlike jare gelede terwyl ek in die kantoor van publieke sake van die Kerk in Mexiko gedien het, is [ek en 'n metgesel] genooi om deel te neem aan 'n radio "talk show". . . . [Een van die programbestuurders] het [ons] gevra: 'Hoekom het die Kerk so 'n lang naam? . . .'

Ek en my metgesel het geglimlag oor so 'n skitterende vraag en toe voortgegaan om te verduidelik dat die naam van die Kerk nie deur die mens gekies is nie. Dit is deur die Saligmaker gekies. . . . Die programbestuurder het dadelik en met respek geantwoord: 'Ons sal dit dus met groot plesier herhaal.'"[13]

Daardie verslag voorsien 'n patroon. Een vir een sal ons beste pogings as individue vereis word om foute wat deur die jare ingesluip het reg te stel.[14] Die res van

die wêreld mag of mag nie ons leiding volg deur ons op die korrekte naam te noem nie. Maar dit is skynheilig van ons om gefrustreerd te wees as die meeste van die wêreld die Kerk en sy lede op die verkeerde name noem as ons dit self doen.

Ons gewysigde stylgids is van hulp. Dit lui: "In die eerste verwysing word die volle naam van die Kerk verkies: 'Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste dae.' Wanneer 'n verkorte [tweede] verwysing nodig is, word die terme 'die Kerk' of die 'Kerk van Jesus Christus' aangemoedig. Die 'herstelde Kerk van Jesus Christus' is ook akkuraat en word aangemoedig."[15]

As iemand sou vra: "Is jy 'n Mormoon?" kan jy antwoord: "As jy vra of ek 'n lid van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae is, ja, ek is!"

As iemand vra: "Is jy 'n Heilige van die Laaste Dae?"[16] kan jy antwoord: "Ja, ek is. Ek glo in Jesus Christus en is 'n lid van sy herstelde Kerk."

My geliefde broers en susters, ek belowe julle dat as ons ons bes sal doen om die korrekte naam van die Here se Kerk te herstel, sal Hy wie se kerk hierdie is, sy mag en seëninge uitstort op die hoofde van die Heiliges van die Laaste Dae,[17] soos ons nog nooit voorheen gesien het nie. Ons sal die kennis en mag van God hê om ons te help om die seëninge van die herstelde evangelie van Jesus Christus na elke nasie, familie, taal en volk te neem om die wêreld voor te berei vir die Tweede Koms van die Here.

Dus, wat is in 'n naam? Wanneer dit by die naam van die Here se Kerk kom, is die antwoord "Alles!" Jesus Christus het ons beveel om die Kerk in sy Naam te noem want dit is sy Kerk, gevul met sy krag.

Ek weet dat God leef. Jesus is die Christus. Hy lei sy Kerk vandag. Ek getuig so in die heilige naam van Jesus Christus, amen.

**NOTAS**

1. "Die Here het die belangrikheid van die naam wat Hy vir sy Kerk geopenbaar het, naamlik Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, in my siel benadruk. Ons het werk voor ons om onsself in harmonie met sy wil te bring. In die afgelope weke het verskeie Kerkleiers en -departemente die nodige stappe ingestel om dit te doen. Bykomende inligting oor hierdie belangrike saak sal die komende maande beskikbaar gestel word" (Russell M. Nelson, in "The Name of the Church" [amptelike verklaring, 16 Aug. 2018], mormonnewsroom.org).
2. Voorafgaande Presidente van die Kerk het soortgelyke versoeke gerig. Byvoorbeeld, President George Albert Smith het gesê: "Moenie die Here in die steek laat deur hierdie die Mormoonse Kerk te noem nie. Hy het dit nie die Mormoonse Kerk genoem nie" (in Conference Report, Apr. 1948, 160).
3. Sien "Style Guide—The Name of the Church," mormonnewsroom.org.
4. Leer en Verbonde 115:4.
5. 3 Nefi 27:7–8.
6. Sien Moses 1:33.
7. Sien Leer en Verbonde 19:18.
8. Sien Moroni 4:3; Leer en Verbonde 20:37, 77.
9. Mormon was een van die vier hoofskrywers van die Boek van Mormon, die ander was Nefi, Jakob en Moroni. Almal was ooggetuies van die Here, net soos die geïnspireerde vertaler daarvan, die Profeet Joseph Smith.
10. Selfs die woord *Mormoniete* was onder die honende terme wat gebruik is (sien *History of the Church,* 2:62–63, 126).
11. Ander skeldname is blykbaar in Nuwe Testamentiese Tye gebruik. Gedurende die Apostel Paulus se verhoor voor Felix, is hy "'n leier van die sekte van die Nasaréners" (Handelinge 24:5) genoem. Aangaande die gebruik van die frase "van die Nasaréners," het een kommentator geskryf: "Dit was die naam wat gewoonlik gegee is aan Christene as teken van minagting. Hulle is so genoem omdat Jesus van Nasaret was" (Albert Barnes, *Notes, Explanatory and Practical, on the Acts of the Apostles* [1937], 313).

    Soortgelyk verklaar 'n ander kommentaar: "Soos ons Here minagtend 'Die Nasaréner' genoem is (Matt. xxvi. 71), het die Jode sy dissipels 'Nasaréners' genoem. Hulle wou nie erken dat hulle Christene was nie, *naamlik* dissipels van die Messias" (*The Pulpit Commentary: The Acts of the Apostles,* red. H. D. M. Spence en Joseph S. Exell [1884], 2:231).

    In 'n soortgelyke trant, het Ouderling Neal A. Maxwell opgemerk: "Regdeur die skriftuurlike geskiedenis sien ons herhaalde pogings om die profete te verneder in 'n poging om hulle te ignoreer—om hulle te etiketteer om hulle te minag. Hulle word egter grootliks geïgnoreer deur hulle tydgenote en deur die sekulêre geskiedenis. Vroeë Christene is immers slegs 'die sekte van die Nasaréners genoem.' (Handelinge 24:5.)" ("Out of Obscurity," *Ensign,* Nov. 1984, 10).
12. Sien 1 Nefi 18:1–2.
13. Benjamín De Hoyos, "Called to Be Saints," *Liahona,* Mei 2011, 106.
14. Alhoewel ons geen beheer het oor wat ander mense ons mag noem nie, is ons ten volle in beheer oor hoe ons na onsself verwys. Hoe kan ons verwag dat andere die korrekte naam van die Kerk eerbiedig indien as ons as sy lede nie so doen nie?
15. "Style Guide—The Name of the Church, " mormonnewsroom.org.
16. Die term *heilige* word dikwels in die Bybel gebruik. In Paulus se Sendbrief aan die Efésiërs, byvoorbeeld, gebruik hy die woord *heilige* ten minste een maal in elke hoofstuk. 'n Heilige is 'n persoon wat in Jesus Christus glo en streef om Hom te volg.
17. Sien Leer en Verbonde 121:33.

© 2018 deur Intellectual Reserve, Inc. All rights reserved. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17.
Vertaling van *First Presidency Message, November 2018.* Afrikaans. 15054 501